
HOOFSTUK 3

# Tasbare bates

Om hierdie hoofstuk suksesvol te voltooi moet jy alreeds in staat wees om:

- die verskillende metodes waarop waardevermindering afgeskryf kan word te kan identifiseer en dit te kan bereken vir die bepaalde jaar
- inskrywings in die Algemene Joernaal te doen en dit oor te boek na die Algemene Grootboekrekeninge
- die bateregister te kan voltooi
- die etiek en interne beheermaatreëls wat betrekking het op vaste bates te kan identifiseer.

Hierdie hoofstuk sal die volgende bespreek:




Na afhandeling van hierdie hoofstuk moet jy in staat wees om:

- die verkryging van tasbare/vaste bates in die Algemene Grootboek, Algemene Joernaal en notas tot finansiële state aan te teken
- waardevermindering te bereken en aan te teken deur gebruik te maak van die kosprys- en verminderde saldometode
- berekeninge en teboekstelling van die vervreemding van tasbare/vaste bates vir kontant/krediet/ of inruiltransaksies te kan uitvoer
- die interne beheermaatreëls en etiese gedrag van toepassing op tasbare/vaste bates te kan identifiseer en toe te pas.